



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

2017

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Daardie dag het ek my buurman/buurvrou regtig leer ken [50]
- 1.2 Die interessante mense in die taxi [50]
- 1.3 Ek wil in die mode wees ... [50]
- 1.4 Moet daar meer publieke vakansiedae wees? [50]
- 1.5 Straatkinders is almal se probleem [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: www.familylife.com]

[50]

1.6.2



[Bron: www.popularmechanics.com]

[50]

1.6.3



[Bron: www.wallarhd.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A:

50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 INFORMELE BRIEF

Jou beste maat van laerskooldae het in graad 9 na 'n ander provinsie getrek. Hy/Sy wil weet hoe die plek waar julle grootgeword het, verander het.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan dié maat waarin jy hom/haar vertel van hierdie veranderinge. **[30]**

2.2 HULDEBLYK

Die skoonmaker by jou skool/werk is oorlede. Jy was baie lief vir hom/haar. Omdat jy hom/haar so goed geken het, moet jy 'n huldeblyk by sy/haar begrafnis lewer.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by die skoonmaker se begrafnis gaan lewer. **[30]**

2.3 KOERANTBERIG**HOND BYT KIND (3)**

Skryf 'n KOERANTBERIG met hierdie opskrif. **[30]**

2.4 INFORMELE TOESPRAAK

'n Paar graad 11-leerders by die plaaslike hoërskool het besluit om die skool te verlaat. Die skoolhoof het jou gevra om 'n toespraak te lewer oor hoekom dit belangrik is om graad 12 te voltooi.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

Jy wil tweedehandse klere verkoop om geld te verdien.

Ontwerp 'n ADVERTENSIE om die klere wat jy wil verkoop, te adverteer. Jy gaan hierdie advertensie by een van die winkels opplak. **[20]**

3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy het 'n baie goeie werk gekry. Jy is baie opgewonde daaroor, maar tog ook 'n bietjie bang vir hierdie nuwe uitdaging.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae hieroor soos volg:

- Dag 1: Die aand nadat jy gehoor het dat jy die werk gekry het
- Dag 2: Die aand voordat jy die volgende dag moet begin werk **[20]**

3.3 INSTRUKSIES

Jy het by jou ouma op 'n dorp gaan kuier waar dit baie droog is en waar daar waterbeperking is. Op die eerste dag het sy vir jou instruksies gegee oor wat jy moet doen om minder water te gebruik.

Skryf SEWE instruksies neer wat jou ouma jou gegee het om water te bespaar as jy in die kombuis en die badkamer is. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100